basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

EKONOMIE V2

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 23 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NASIENBEGINSELS VIR EKONOMIE – SS/NSS MEI/JUNIE 2026

Die volgende nasienbeginsels is ontwikkel om nasien in die provinsie te standaardiseer.

NASIEN

- ALLE vrae en antwoorde in kandidate se skrifte MOET nagesien word, ongeag of dit korrek of verkeerd is.
- Waar antwoorde meer is as wat die instruksies vereis, moet die volgende geld:
  - In afdeling A, waar kandidate TWEE antwoorde gee, moet die eerste antwoord nagesien word.
  - In afdeling B, (2.1.1, 3.1.1 en 4.1.1) merk die eerste TWEE antwoorde en dui aan ***EKSTRA*** vir antwoorde wat meer is as wat die vraag vereis het.
  - In afdeling B, datarespons-vrae wat 'n spesifieke aantal antwoorde vereis (bv. 2.2.1 en 2.2.2), merk die eerste antwoord en dui aan ***EKSTRA*** vir antwoorde wat oortollig is.
  - In afdeling B en C (keusevrae), dui aan ***EKSTRA*** op vrae bo die vereiste aantal.
- Waar die maksimum punte vir 'n spesifieke vraag toegeken is, merk al die antwoorde en dui die maksimum punte vir die vraag binne die kantlyn aan.
  Byvoorbeeld; - ***maks 2 of maks 8 of maks 10*.**
- 'n Duidelike, netjiese regmerkie moet gebruik word:
  - Indien EEN punt toegeken word, moet EEN regmerkie gebruik word:✓
  - Indien TWEE punte toegeken word, moet TWEE regmerkies gebruik word:✓✓
  - Die regmerkie moet geplaas word by die FEIT waarvoor 'n punt toegeken word.
  - Regmerkies moet KLEIN gehou word, aangesien verskeie vlakke van moderering mag plaasvind.
- Verkeerde antwoorde moet met 'n duidelike, netjiese kruisie gemerk word:✗
  - Gebruik een kruisie op elke verkeerde antwoord in vrae waar kandidate meer as een antwoord moet gee.
  - 'n Zigzaglyn kan aan die regterkant van paragrawe getrek word met verkeerde antwoorde om aan te dui dat die antwoorde gelees is.
  - Probeer om NIE die kandidate se antwoorde te onderstreep nie.
- Vir die volgende aksiewoorde is EEN-woord antwoorde aanvaarbaar: **lys**, **noem**, **identifiseer.**
- Vir die volgende aksiewoorde moet 'n VOLLEDIGE sin geskryf word: **beskryf**, **verduidelik**, **evalueer**, **ontleed**, **stel voor**, **onderskei**, **beskryf**, **bespreek, waarom**, **hoe**
- Die volgende aksiewoorde moet binne hul konteks gelees word om te bepaal of 'n EEN-woord antwoord of 'n VOLLEDIGE sin vereis word: **verskaf**, **wat**, **tabuleer**, **identifiseer** en **gee**.
- Waar kandidate 'n grafiek moet teken, merk die grafiek volgens 'n merkrubriek wat in die amptelike nasienriglyne verskaf word.
- Waar kandidate berekeninge moet doen, sal die finale antwoord nie noodwendig volpunte kry nie. **3 punte** word vir die **berekeninge** en **1 punt** vir die **finale antwoord** toegeken.

LET OP DIE VOLGENDE

- Indien die nommering verkeerd of weggelaat word, kan kandidate gekrediteer word solank die volgorde van antwoorde op vrae gevolg word.
- Waar daar spelfoute is, ken die punte toe mits die betekenis korrek is.
- Gee aandag aan die betekenis van antwoorde, wat op 'n ander manier gestel kan word.
- In meervoudigekeuse-vrae waar 'n letter die aanvaarbare antwoord is, maar die leerder die werklike antwoord skryf - ken punte toe.
- Daar sal 'n bylaag tot die nasienriglyne wees vir die nasien van sekere vrae.

TOTAALBEREKENING EN OORDRAG VAN PUNTE

- Die subtotaal vir elke subvraag moet aan die regterkantse kantlyn aangeteken word.
  - Vraag 1 in Afdeling A het **DRIE** onderafdelings en **DRIE** subtotale moet in die regterkantlyn aangeteken word.
  - Vrae in Afdeling B het **VYF** onderafdelings en **VYF** subtotale moet in die regterkantlyn aangeteken word.
  - Subtotale moet leesbaar geskryf word en spasie vir gemodereerde punte op die regterkantlyn laat.
- Die totale punt vir elke vraag moet in die boonste linkerkantlyn langs die vraagnommer aangeteken word.
- Dra totale per vraag oor na die voorblad van die antwoordboek

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1: **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 D / eksplisiete ✓✓
1.1.2 A / marginalekoste- ✓✓
1.1.3 D / openlike samespanning ✓✓
1.1.4 B / eksterne ✓✓
1.1.5 C / hiperinflasie ✓✓
1.1.6 A / mediese ✓✓
1.1.7 C / internetfasiliteite ✓✓
1.1.8 B / vrywillige ooreenkomste ✓✓

(8 x 2) (16)

1.2 PASITEMS

1.2.1 H / wanneer 'n besigheid se gemiddelde inkome gelyk is aan die gemiddelde veranderlike koste ✓
1.2.2 G / die inkome wat die firma ontvang as een eenheid van 'n produk verkoop word ✓
1.2.3 I / 'n situasie waar gemiddelde koste styg soos wat produksie-uitset toeneem ✓
1.2.4 A / 'n tegniek wat gebruik word om die totale sosiale koste en die totale sosiale voordele wat met 'n openbare projek geassosieer word, te evalueer ✓
1.2.5 D / lae groeikoers, hoë werkloosheidskoers en hoë inflasiekoers wat gelyktydig voorkom ✓
1.2.6 C / glo dat inflasie deur 'n toename in die totale geldaanbod in die ekonomie veroorsaak word ✓
1.2.7 E / 'n bevel-en-beheer-benadering fokus wat op die kwantiteit omgewingsbesoedeling wat vrygestel word ✓
1.2.8 B / die aktiwiteite van mense wat na plekke reis om sport te beoefen, vriende te besoek en nuwe besienswaardighede te beleef ✓

(8 x 1) (8)

1.3 KONSEPTE

1.3.1 Korttermyn ✓
1.3.2 Deregulering ✓
1.3.3 Privaat voordele / Interne voordele✓
1.3.4 Hooflyn-inflasie / Hooflynverbruikersprysinflasie✓
1.3.5 Saketoerisme ✓
1.3.6 Bewaring ✓

(6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

2.1 **KORTVRAE**

2.1.1 **Gee enige TWEE voorbeelde van veranderlike koste.**

- Grondstowwe ✓
- Elektrisiteit ✓
- Lone/ Direkte arbeid
- Water

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom word 'n monopolistiese mededingende mark as 'n hibriede markstruktuur beskou?**

Dit kombineer die eienskappe van beide volmaakte mededinging en 'n monopolie. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer EEN kenmerk van 'n volmaakte mark in die uittreksel hierbo.**

- Vrye toetrede en uittrede ✓
- Hulpbronne word doeltreffend toegewys ✓ (1)

2.2.2 **Gee 'n ekonomiese term vir 'n firma wat slegs verskillende hoeveelhede van 'n produk, teen dieselfde markprys kan verkoop.**

Prysnemer ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *toedelingsdoeltreffendheid.***

Wanneer markte hulpbronne optimaal op so 'n wyse toewys dat die produkmengsel met verbruikers se voorkeure ooreenstem / Die toestand van die mark waar besighede 'n kombinasie van goedere en dienste vervaardig, wat die gemeenskap die meeste begeer./ Toedelingsdoeltreffendheid beteken dat die hoeveelhede goedere en dienste wat deur produsente gelewer word, gelyk is aan die hoeveelhede wat deur verbruikers gevra word. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.4 **Verduidelik die belangrikheid van volledige inligting vir verbruikers in 'n volmaakte mark.**

- Wanneer verbruikers volledige inligting oor marktoestande het, kan hulle ingeligte besluite neem wanneer hulle produkte koop.✓✓
- Verbruikers is minder geneig om uitgebuit te word as hulle volle kennis van die mark het.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Hoe kan die toegang van nuwe besighede in 'n volmaak mededingende mark vervaardigers op lang termyn beïnvloed?**

- Die bestaande besighede sal gedwing word om hulle produk teen 'n laer prys te verkoop vanweë die toename in markaanbod. ✓✓
- Die toetrede van nuwe besighede sal die vlak van mededinging verhoog wat daartoe sal lei dat bestaande besighede minder winste maak. ✓✓
- Op die langtermyn sal ekonomiese wins uitgeskakel word en bestaande firmas sal normale winste verdien. ✓✓
- Die bestaande firmas mag van hulle klante aan die nuwe toetreders verloor wat tot verlaagde verkope lei.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer die relatief onelastiese segment (deel) van die geknakte vraagkromme in die grafiek hierbo.**

EY ✓ (1)

2.3.2 **Noem die aard van produkte wat in 'n suiwer oligopolie verkoop word.**

Homogeen / Identies ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *duopolie*.**

'n Oligopoliemarkstruktuur wat oorheers word deur of bestaan uit slegs twee groot verskaffers van 'n sekere produk of diens. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.4 **Hoe beïnvloed prysvasstelling verbruikers negatief?**

- Verbruikers kan hoër pryse vir goedere en dienste betaal wat tot 'n hoër lewenskoste sal lei. ✓✓
- Verbruikers kan faal om sommige van hulle behoeftes te bevredig wat tot 'n laer lewensstandaard sal lei. ✓✓
- Verbruikers kan blootgestel wees aan produkte van 'n swak gehalte as gevolg van minder mededinging tussen vervaardigers. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.5 **Gebruik die grafiek hierbo om die verandering in totale inkome te bereken indien 'n oligopolis sy prys van R14 tot R15 verhoog. Toon ALLE berekeninge**.

Verandering in totale inkomste = $TR_1 – TR_0$
= (R15 x 25) – (R14 x 50) ✓
= R375✓ – R700✓
= **- R325** ✓ (4)

TI_1 = (R15 x 25)
= R375✓
TI_0 = (R14 x 50)
= R700✓
Verandering in totale inkomste = $TR_1 – TR_0$
= R375 – R700 ✓
= **- R325** ✓

2.4 **Bespreek kortliks die rol van die *Mededingingskommissie* en die *Mededingingstribunaal* om mededinging in Suid-Afrika te bevorder.**

Mededingingskommissie

- Die Mededingingskommissie ondersoek beperkende sakepraktyke en die misbruik van markkragte deur besighede. ✓✓
- Dit besluit of samesmeltings en oornames/verkrygings mag voortgaan of nie. ✓✓
- Die Mededingingskommissie maak aanbevelings aan die Mededingingstribunaal oor boetes vir besighede wat hulle skuldig bevind aan mededinging-beperkende gedrag. ✓✓ (2 x 2)

Mededingingstribunaal

- Die Mededingingstribunaal gee uitsprake oor sake wat deur die Mededingingskommissie na hulle verwys is en reik enige bevel vir koste uit. ✓✓
- Dit kan die aanbevelings van die Mededingingskommissie aanvaar, verwerp of aanpas. ✓✓
- Die Mededingingstribunaal het jurisdiksie in die hele Republiek. ✓✓
- Die Mededingingstribunaal staan vrystellings toe en doen goedkeuring of afkeuring van groot samesmeltings. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2)
('n Maksimum van 4 punte mag vir die blote opnoem van feite toegeken word) (8)

2.5 **Ontleed die positiewe impak van nieprys-mededinging op 'n monopolistiese mededingende firma.**

- Die gebruik van nieprys-mededinging kan die besigheid help om prysoorloë te vermy, wat hulle in staat sal stel om hoër winste te verdien.✓✓
- Die besigheid kan deur advertensies en verkoopsreklame meer kliënte as sy mededingers werf. ✓✓
- Die besigheid kan sy winsgewendheid deur verhoogde verkope verbeter deur winkelure te verleng. ✓✓
- Innovering en kreatiwiteit kan deur produkdifferensiasie en die bekendstelling van nuwe produkte bevorder word. ✓✓
- Die besigheid kan sy kliënte behou deur lojaliteitstoekennings toe te ken. ✓✓
- Die firma kan kliëntetevredenheid verhoog deur naverkoopdienste, soos gratis aflewering, aan te bied. ✓✓
- Toeganklikheid tot die besigheid se produk kan verbeter word deur besigheid via die internet te doen. ✓✓
- Die produk kan maklik deur kliënte geïdentifiseer word deur produkdifferensiasie en handelsmerkgewing. ✓✓
- Die besigheid kan handelsmerklojaliteit skep deur unieke en beter kwaliteit produkte aan te bied wat aan klante se verwagtinge voldoen. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
('n Maksimum van 2 punte mag vir die blote opnoem van feite toegeken word) (4 x 2) (8)
[40]

VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 KORTVRAE

3.1.1 **Noem enige TWEE Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika.**

- iSimangaliso-vleilandpark / Groter St. Lucia-vleilandpark ✓
- Kaapse Fynbosstreek ✓
- uKhahlamba Drakensbergpark / Maloti-Drakensbergpark ✓
- Mapungubwe kulturele landskap ✓
- Vredefortkoepel ✓
- Fossiele Hominiede Terreine van Suid-Afrika ✓
- Robbeneiland ✓
- Richtersveld- Kulturele en Botaniese Landskap ✓
- Barberton Makhonjwa-bergreeks ✓
- Khomani kulturele landskap ✓
- Nelson Mandela-nalatenskapterreine/ Nelson Mandela-erfenisterreine✓
- Die Pleistoseen-besettingsterreine van Suid-Afrika/ Die Pleistoseen-bewoningsplekke van Suid-Afrika✓ (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe kan debiteure (leners) uit inflasie voordeel trek?**

Tydens periodes van stygende pryse, baat debiteure in reële terme omdat hulle lenings terugbetaal met geld wat lae koopkrag het. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 DATARESPONS

3.2.1 **Identifiseer die frase wat verwys na 'n negatiewe impak van toerisme op die omgewing in die spotprent hierbo.**

Koolstofvoetspoor ✓ (1)

3.2.2 **Noem die tipe toerisme wat slegs mense van ander lande wat Suid-Afrika besoek, insluit.**

Inkomende toerisme ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *ekotoerisme*.**

Die aktiwiteite van mense wat reis en plekke besoek om die natuurlike omgewing te geniet.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Verduidelik die rede waarom belastings op toerisme-aktiwiteite gehef word.**

- Om inkomste vir die owerheid in te samel om die toeriste-aantreklikhede te diens en in stand te hou. ✓✓
- Belasting word gehef om eksterne koste wat uit toeriste-aktiwiteite gegenereer word, te verhaal. ✓✓ (2)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

3.2.5 **Hoe sou 'n toename in toerisme-aktiwiteite 'n negatiewe impak op huishoudings hê?**

- Die instroming van toeriste plaas druk op plaaslike hulpbronne, soos infrastruktuur, tot nadeel van die plaaslike gemeenskap. ✓✓
- 'n Toename in die aantal toeriste kan tot 'n skielike styging in pryse van goedere en dienste lei wat die plaaslike gemeenskap benadeel. ✓✓
- Toename in internasionale toerisme-aktwiteite mag lei tot die verspreiding van siektes wat nie in die land was nie, wat kan lei tot kwale onder plaaslike inwoners. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer die prysindeks wat belasting op toegevoegde waarde (BTW) uitsluit.**

Produsenteprysindeks / PPI ✓ (1)

3.3.2 **Noem enige EEN instelling in Suid-Afrika wat inflasiesyfers publiseer.**

- Suid-Afrikaanse Reserwebank / SARB ✓
- Statistiek Suid-Afrika / Stats SA ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *vraagtrek-inflasie.***

'n Styging in die algemene prysvlak wat veroorsaak word deur die vlak van totale vraag wat die totale aanbod in die ekonomie oorskry. / 'n Styging in pryse wat veroorsaak word deur die geldvoorraad wat vinniger as die reële produksie groei, of te veel geld wat te min goedere najaag. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Verduidelik die doel van gewigstoekennings in 'n verbruikersmandjie wanneer inflasie gemeet word.**

Gewigstoekennings weerspieël die relatiewe belangrikheid van 'n item vir verbruikers of die persentasie van verbruikers se inkomste wat aan die item bestee word. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.5 **Gebruik die inligting in die tabel hierbo om die maand-tot-maand-VPI-inflasie vir Maart 2025 te bereken. Toon ALLE berekeninge.**

MtM Inflasiekoers (Maart) = (VPI $_{\text{Maart}}$ - VPI $_{\text{Februarie}}$) / VPI $_{\text{Februarie}}$ x 100
= (101,6 -101,2) ✓ / 101,2 ✓ x 100 ✓
= 0,4/101,2 x 100
= **0.395 / 0.4** ✓

OF

MtM Inflasiekoers (Maart) = (VPI $_{\text{Maart}}$ /VPI $_{\text{Februarie}}$) - 1 x 100
= (101.6 /101,2) ✓ -1✓ x 100 ✓
= (1.00395 -1) x 100
= **0.395 / 0.4** ✓ (4)

3.4 **Bespreek kortliks *belasting* en *infrastruktuurontwikkeling* as beleidsvoorstelle om toerisme te bevorder**.

Belasting

- Verlaging van belasting op reisverwante uitgawes help om bestemmings se prysmededingendheid te verhoog. ✓✓
- Om buitelandse toeriste toe te laat om BTW op aankope te eis voordat hulle huis toe gaan, kan hulle aanmoedig om geld in Suid-Afrika te spandeer. ✓✓
- Natuur- en wildreservate hef toegangsbelasting om toeristestrome te beheer en dierspesies te beskerm/bewaar. ✓✓
- 'n Vaste belastingkoers word gebruik om te verseker dat belasting maklik is om te betaal en te administreer.✓✓
- Belasting wat op toeriste gehef word, soos belasting op vliegtuigkaartjies, moet billik wees om meer mense aan te moedig om te reis.✓✓ (2 x 2)

Infrastruktuurontwikkeling

- Infrastruktuur is van kritieke belang vir die doeltreffende funksionering van die toerismebedryf. ✓✓
- Die omvang van fisiese infrastruktuur moet toeneem namate die bevolking groei, toerisme toeneem en die ekonomie uitbrei. ✓✓
- Die dravermoë van paaie, spoorlyne, vliegtuie, hawens, lughawens en treinstasies moet voortdurend uitgebrei word. ✓✓
- Eskom, die nasionale elektrisiteitsverskaffer, moet voortdurend kapasiteit byvoeg en watervoorsiening moet jaarliks verhoog word. ✓✓
- Die ongerief van infrastruktuurbottelnekke en onderbrekings skrik toeriste af en beskadig Suid-Afrika se reputasie as 'n internasionale toeristebestemming. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2)

('n Maksimum van 4 punte mag vir die blote opnoem van feite toegeken word) (8)

3.5 **Hoe beïnvloed hoë inflasie die Suid-Afrikaanse ekonomie negatief?**

- Inflasie verlaag die koopkrag van geld aangesien slegs 'n paar goedere gekoop word wat dan die lewensstandaard van huishoudings verminder. ✓✓
- Hoë inflasie kan onsekerheid en onstabiliteit in die ekonomie veroorsaak omdat dit moeilik mag wees om toekomstige koste te voorspel. ✓✓
- Inflasie kan die vlak van belegging in die ekonomie verminder wat lei tot 'n afname in die produksie van goedere en dienste. ✓✓
- Die vlak van armoede kan toeneem omdat lae-inkomstegroepe 'n groot deel van hulle inkomste aan basiese voedsel spandeer. ✓✓
- Inflasie verhoog inkomste-ongelykheid in 'n land en beïnvloed mense negatief met 'n vaste inkomste die meeste. ✓✓
- Hoër rentekoerse kan verlaagde investering veroorsaak sowel as vraag na goedere en dienste wat ekonomiese groei kan vertraag. ✓✓
- Inflasie kan lei tot minder spaar wat kapitale investering deur besighede sal verminder en werkloosheidsvlakke in die land kan verhoog. ✓✓
- Uitvoerpryse sal toeneem wat plaaslike besighede minder mededingend op die wêreldmarkte sal maak. ✓✓
- Verlaagde uitvoere sal uitvoerverdienste verlaag wat die betalingsbalanstekort sal verhoog en die wisselkoers sal verswak. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2)

('n Maksimum van 2 punte mag vir die blote opnoem van feite toegeken word) (8)

[40]

VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 KORTVRAE

4.1.1 Gee enige TWEE voorbeelde van monopoliebesighede in Suid-Afrika.

- Eskom ✓
- Transnet ✓
- Prasa/ Metrorail ✓
- Denel ✓
- SABC ✓
- Lughawensmaatskappy Suid-Afrika ✓
- SANRAL ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom word die toerismebedryf as die grootste skepper van werksgeleenthede beskou?

- Die toerismebedryf is arbeidsintensief omdat dit die laagste verhouding van investering tot werkskepping het. ✓✓
- Die toerismebedryf bied vele geleenthede om verskillende vlakke van vaardighede aan te stel. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 DATARESPONS

4.2.1 Identifiseer die hindernis tot toetrede wat uitvinders van nuwe produkte beskerm in die spotprent hierbo.

Patent ✓ (1)

4.2.2 Noem die tipe wins wat op lang termyn deur 'n monopolis gemaak word.

Ekonomiese wins / Supernormale wins / Abnormale wins✓ (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *natuurlike monopolie*.

'n Alleenverskaffer van 'n produk wat bestaan a.g.v. hoë ontwikkelingskoste/ 'n Alleenbesigheid wat die hele mark teen 'n laer prys kan bedien as gevolg van skaalvoordele. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.4 **Verduidelik die rede vir die relatiewe onelastiese vraag in 'n monopoliemark.**

- Monopoliste verkoop unieke produkte met geen nabye plaasvervangers nie/Verbruikers het geen alternatiewe opsies vir goedere en dienste nie. ✓✓
- Mededinging is beperk as gevolg van die unieke aard van die produk of die reuse kapitaal wat benodig word om 'n besigheid te begin. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.5 **Waarom is dit 'n uitdaging vir monopolieë om buitensporige hoë pryse te hef?**

- Monopolie word deur markaanvraag beperk en verbruikers se begrotings kan aankope beperk as pryse te hoog is. ✓✓
- 'n Monopolis se produk moet steeds met verbruikers se guns meeding met al die ander produkte in die ekonomie. ✓✓
- Pysstygings word soms deur die owerheid gereguleer om verbruikers te beskerm. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer die item wat die meeste tot geadministreerde prys-inflasie bydra in die uittreksel hierbo.**

Elektrisiteitstariewe ✓ (1)

4.3.2 **Noem die organisasie wat die prys van elektrisiteit in Suid-Afrika reguleer.**

Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika / NERSA ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *allesomvattende inflasie.***

Die tipe inflasie wat prysveranderinge meet op alle finale goedere en dienste wat binne ’n ekonomie in ’n bepaalde jaar geproduseer word, en nie slegs ’n geselekteerde mandjie van goedere en dienste nie /
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Verduidelik die impak van 'n styging in elektrisiteitstariewe op vervaardigers van goedere en dienste.**


- Produsente sal hoër produksiekoste aangaan omdat hulle meer vir elektrisiteit betaal, wat tot laer winste lei. ✓✓
- Produsente kan gedwing word om hulle pryse te verhoog om die verhoogde produksiekoste te dek. ✓✓
- Sommige produsente kan dit nie bekostig om vir elektrisiteit te betaal nie, wat hulle kan dwing om produksie te verminder of toe te maak.✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.5 **Hoe kan nuwe produksietegnologie help om kostedruk-inflasie te beveg?**

- Nuwe produksietegnologie kan meer doeltreffend en koste-effektief wees wat die oorhoofse produksiekoste sal verminder. ✓✓
- Nuwe tegnologie in produksie kan produksie verhoog wat sal help om die totale uitset te vermeerder en kostedruk-inflasie te verminder. ✓✓
- Die investering in nuwe tegnologieë kan lei tot ekstra koste, wat die produksiekoste sal vermeerder.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 **Met behulp van 'n korrek benoemde grafiek, verduidelik winsmaksimering vir 'n volmaak mededingende firma deur die marginale-inkome(MI)- en die marginalekoste(MK)-krommes te gebruik.**



- Korrekte benoeming van die asse = 1 punt
- Korrekte tekening en benoeming van die MK-kromme = 1 punt
- Korrekte tekening en benoeming van die MI-kromme = 1 punt
- Korrekte aanduiding van die winsmaksimeringspunt = 1 punt

Maks. 4 punte

- Die firma maksimeer wins waar marginale inkome gelyk is aan marginale koste (MI = MK). ✓✓
- Wins word gemaksimeer wanneer die firma 150/H eenhede teen 'n prys van R20/P produseer.✓✓
- Wanneer die hoeveelhede wat vervaardig is minder as 150/H (MI>MK) is, moet die firma die hoeveelhede wat vervaardig word, vermeerder om die wins te maksimeer. ✓✓
- As die hoeveelhede wat vervaardig word meer as 150/H (MI<MK) is, moet die firma die hoeveelhede wat vervaardig word, verminder om die wins te maksimeer. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 4) (8)

4.5 **Hoe kan toerisme infrastruktuurontwikkeling in Suid-Afrika beïnvloed?**

- Moderne toerisme bevorder die ontwikkeling van infrastruktuurfasiliteite, soos akkommodasie, gesondheidsorg en vervoer.✓✓
- Toerisme kan vereis dat die regering wêreldklas-infrastruktuur in toerisme-aantreklikheidsgebiede ontwikkel en onderhou om toerisme-aktiwiteite te bevorder.✓✓
- 'n Voldoende fisiese, ekonomiese en basiese diensinfrastruktuur is noodsaaklik vir toeristebestemmings, wat beteken dat belegging in infrastruktuurontwikkeling benodig word.✓✓
- Vervoerinfrastruktuur, soos paaie, spoorlyne, lughawens, hawens en parkeerterreine, mag ontwikkel moet word om die beweging van toeriste van een gebied na 'n ander moontlik te maak.✓✓
- Kommunikasie-infrastruktuur, insluitend telefoonlyne, elektroniese seinstasies, rekenaarverbindingskapasiteit, radio- en televisiedienste en koerante, is nodig om toeriste toegang tot inligting te gee.✓✓
- Energie-infrastruktuur, soos elektrisiteit en vloeibare brandstowwe, is nodig om toerisme-aktiwiteite te fasiliteer.✓✓
- Basiese diensinfrastruktuur, soos skoon water, vullisverwydering, rioolstelsels en stormwaterdreinering, verseker dat toeriste hulle verblyf by verskillende toerisme-aantreklikhede geniet. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
  ('n Maksimum van 2 punte mag vir die blote lys van feite toegeken word)

(4 x 2) (8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Met behulp van toepaslike grafieke, bespreek, in detail, staatsinmenging as 'n gevolg van markmislukking. (26 punte)**
- **Waarom faal markte om openbare goedere te verskaf? (10 punte)**


INLEIDING

Markmislukking verwys na wanneer die markte (markkragte) faal om hulpbronne doeltreffend toe te wys/Markmislukking beteken dat die bes beskikbare of optimale produksie-uitkoms nie behaal is nie. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) **(Maks. 2)**

HOOFDEEL
Staatsinmenging as 'n gevolg van markmislukking

Minimumlone ✓

- 'n Minimumloon is die laagste betaling wat werkgewers hulle werkers moet betaal, soos deur die wet voorgeskryf. ✓✓
- Die owerheid stel die minimumloon vas bo die ewewigsloonkoers.✓✓



- Korrekte benoeming van die vertikale en horisontale asse = 1 punt
- Korrekte tekening en benoeming van vraag- ean aanbodkrommes = 1 punt
- Korrekte aanduiding van die mnimumloon = 1 punt
- Korrekte benoeming op die assie = 1 punt


Maks. 4 punte

- 'n Minimumloon van W_1 lei tot 'n afname in die vraag na arbeid van H tot H_1 en 'n toename in aanbod van arbeid van H tot H_2 ✓✓
- Die oorskotaanbod van arbeid sal tot 'n toename in werkloosheid lei aangesien sommige werkers afgelê mag word as gevolg van die hoër produksiekoste. ✓✓
- Die inkomste van die werkers sal verhoog wat hulle lewensstandaard sal verbeter. ✓✓

Belastingheffing / Belasting ✓

- Die owerheid sal in die mark inmeng deur belasting te hef om eksterne koste te verhaal. ✓✓
- Die belasting sal die prys verhoog en tot 'n afname in die verbruik van vervaardiging van 'n sekere produk lei. ✓✓
- Belastingheffing kan gebruik word as 'n strategie om vervaardiging en verbruik van niemerietegoedere te verlaag sowel as die generering van inkomste vir die staat. ✓✓

BELASTING OP PRODUKSIE



- Korrekte benoeming van die vertikale en horisontale asse = 1 punt
- Korrekte tekening en benoeming van die oorspronklike vraag- en aanbodkrommes = 1 punt
- Korrekte tekening en benoeming van die nuwe aanbodkromme = 1 punt
- Korrekte aanduiding van die verandering in prys en hoeveelheid = 1 punt


Maks. 4 punte

- Die markprys is P en die ooreenstemmende hoeveelheid is H. ✓✓
- As die owerheid belasting op produksie hef, sal die markprys na P_1 vermeerder met ooreenstemmende hoeveelheid H_1. ✓✓
- Die hoër prys P_1 verminder die verbruik en die vervaardiging van die produk. ✓✓

Verskaffing van produksiesubsidies / Subsidies ✓

- Die owerheid verskaf subsidies aan vervaardigers om hulle aan te moedig om meer goedere en dienste te vervaardig. ✓✓
- Subsidies vermeerder die aanbod van spesifieke goedere en dienste soos melk, koring en mielies. ✓✓
- Subsidies verlaag die koste van die vervaardiging van goedere en die markprys van hierdie goedere sal gevolglik verlaag, wat verbruik vermeerder. ✓✓

PRODUKSIESUBSIDIES



- Korrekte benoeming van die vertikale en horisontale asse = 1 punt
- Korrekte tekening en benoeming van die oorspronklike vraag- en aanbodkrommes = 1 punt
- Korrekte tekening en benoeming van die nuwe aanbodkromme = 1 punt
- Korrekte aanduiding van die verandering in prys en hoeveelheid = 1 punt


- Die markprys is P en die ooreenstemmende hoeveelheid is H. ✓✓
- Indien die owerheid die produksie subsidieer, sal die markprys na P1 verminder met ooreenstemmende hoeveelheid H_1. ✓✓
- Die laer prys P_1 laat die verbruikers toe om groter hoeveelhede van die produk te koop. ✓✓

Direkte beheer ✓

- Die owerheid kan wette maak of huidige wetgewende raamwerke gebruik om besighede en bedrywe te beheer, sowel as individue wat negatiewe eksternaliteite genereer. ✓✓
- Die uitlating van potensieël gevaarlike chemikalieë en gasse word in Suid-Afrika deur verskillende wetgewings beheer. ✓✓
- Die tabakbedryf word verbied om te adverteer en alkohol mag nie op Sondae of aan persone onder 18 jaar verkoop word nie.✓✓

Minimumpryse ✓

- Die owerheid meng by markte in om te verseker dat daar genoegsame voorrade van stapelvoedsel is.✓✓
- Minimumpryse of vloerpryse laat vervaardigers toe om gemaklike winste te maak en gewenste hoeveelhede van noodsaaklike goedere te vervaardig. ✓✓




- Korrekte benoeming van die vertikale en horisontale asse = 1 punt
- Korrekte tekening en benoeming van die vraag- en aanbodkrommes = 1 punt
- Korrekte aanduiding van die minimumprys = 1 punt
- Korrekte benoeming op die asse = 1 punt

Maks. 4 punte

- Die owerheid stel 'n minimumprys P_1 bo die ewewigsmarkprys P om dit die moeite werd maak vir vervaardigers om in die mark te bly. ✓✓
- Die hoeveelheid aangevra verminder van H na H_1 en die hoeveelheid verskaf neem toe van H na H_2. ✓✓
- 'n Oorskot van H_1 na H_2 word in die mark geskep aangesien aanbod meer is as vraag. ✓✓
- Oorskotprodukte kan vervaardigers dwing om teen laer pryse te verkoop of in ander lande te stort wat hulle winste kan laat daal. ✓✓

Maksimumpryse ✓

- Die owerheid sal 'n maksimumprys vasstel indien die prys vir noodsaaklike goedere (basiese goedere) as te hoog beskou word. ✓✓
- Die maksimumprys wat deur die regering onder die markprys vasgestel word, staan as die prysplafon bekend. ✓✓
- Die owerheid sal in die mark ingryp deur wette aan te neem/te maak dat verskaffers nie meer as 'n maksimumprys mag vra nie. ✓✓
- Die onmiddellike gevolg van maksimumpryse in die mark is dat die hoeveelheid aangebied, daal en dus tekorte veroorsaak. ✓✓



- Korrekte benoeming van vertikale en horisontale asse = 1 punt
- Korrekte tekening en benoeming van die vraag- en aanbodkrommes = 1 punt
- Korrekte aanduiding van maksimum prys = 1 punt
- Korrekte benoeming op die asse = 1 punt

Maks.4 punte

- Die owerheid stel 'n maksimumprys P_1 onder die ewewigsmarkprys P om verbruikers in staat te stel om basiese produkte te kan bekostig.
- Die hoeveelheid aangevra neem van H tot H_2 toe en die hoeveelheid aangebied neem af van H tot H_1.✓✓
- 'n Tekort van H_1 na H_2 word in die mark geskep omdat vraag meer is as aanbod.✓✓
- Produktekorte kan tot die skep van swartmarkte lei, waar die goedere waarskynlik teen hoër pryse verkoop word. ✓✓

Onvolmaakte markte ✓

Die owerheid kan aan onvolmaakte markte aandag gee deur:

- Mededingingsbeleid te implementeer wat die misbruik van markkrag deur dominante firmas verhoed. ✓✓
- Invoere toe te laat wat die vlak van mededinging sal verhoog. ✓✓
- Meer besigheidslisensies vir nuwe besighede toe te staan wat met huidige monopolieë meeding. ✓✓
- Prysbeheer af te dwing wat die pryse van goedere en dienste laat daal. ✓✓

Herverdeling van welvaart ✓

- Die Suid-Afrikaanse owerheid gebruik 'n progressiewe inkomstebelastingstelsel om inkomste en rykdom te herverdeel. ✓✓
- Tradisionele metodes, soos die heffing van verskillende soorte belasting, voorsiening van gratis dienste, voordele in natura en kontantvoordele, word gebruik om die inkomstegaping te verklein. ✓✓
- Die owerheid kan ook regstellende maatreëls, soos BBSEB en regstellende aksie, gebruik om welvaart onder die bevolking te herverdeel. ✓✓

Owerheidsbetrokkenheid by produksie ✓
Die owerheid kan in die produksie van goedere en dienste betrokke wees deur:

- Subsidiëring van merietegoedere om produksie te vermeerder. ✓✓
- Belastingheffing op niemerietegoedere om produksie te verminder ✓✓
- Heffing van inkomstebelasting, indirekte belasting en welvaartsbelasting om gemeenskapsgoedere gratis te verskaf. ✓✓
- Voorsiening van kollektiewe goedere soos vullisverwydering, afvalverwerking en riolering teen 'n gebruikersfooi. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) **(Maks. 26)**
(Ken ’n maksimum van 8 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
(Ken ’n maksimum van 12 punte toe vir die grafieke sonder verduideliking en 14 punte vir die verduidelikings sonder grafieke)

ADDISIONELE DEEL

Waarom faal markte om openbare goedere te verskaf?

- Openbare goedere word nie deur die prysmeganisme voorsien nie, wat dus nie 'n basis vir die vestiging van 'n markprys skep nie. ✓✓
- Gemeenskapsgoedere, soos straatligte, is nie-uitsluitbaar nie, wat dit moeilik maak vir besighede om 'n prys te hef, dus kan markte dit nie verskaf nie.✓✓
- Verbruikers is nie bereid om vir openbare goedere te betaal nie, want hulle kan nie niebetalers verhoed om dit te gebruik nie. ✓✓
- Markte word ontmoedig om openbare goedere teen niebetaling te voorsien, want hulle kan dalk nie winste deur die verskaffing van openbare goedere genereer nie. ✓✓
- Die verskaffing van openbare goedere, soos openbare paaie, kan dalk enorme kapitaalbeleggings vereis wat baie privaatsektorbesighede nie kan bekostig nie. ✓✓
- Sekere openbare goedere kan nie verdeel word nie wat dit moeilik vir die mark maak om dit in kleiner hoeveelhede, wat gerieflik vir verbruik is, te voorsien. ✓✓
- Merietegoedere word deur die mark onderwaardeer, wat die verskaffing van sulke goedere en dienste minder maak as die hoeveelheid vereis. ✓✓
- Markte kan nie die gewenste hoeveelhede merietegoedere, soos onderwys, verskaf nie, want hulle eksterne voordele is nie in die markpryse ingesluit nie. ✓✓
- Sekere openbare goedere is niemededingend in terme van verbruik, wat dit moeilik maak om te meet hoeveel 'n persoon verbruik en markpryse vas te stel. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) **(Maks. 10)**
('n Maksimum van 2 punte mag vir die blote opnoem van feite toegeken word)

GEVOLGTREKKING

Die owerheid moet die doeltreffendheid van maatreëls, wat geïmplementeer is om markmislukking te verlaag, gereeld monitor en evalueer om meer gewenste uitkomste te verseker. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoërorde-gevolgtrekking) **(Maks. 2)** **[40]**

VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE

- **Bespreek, in detail, die omgewingsprobleme sowel as die internasionale maatreëls wat getref word om volhoubare ontwikkeling te verseker. (26 punte)**
- **Evalueer die impak van omgewingsubsidies op besighede. (10 punte)**

INLEIDING
Omgewingsvolhoubaarheid is die vermoë van die omgewing om die gebruik vir ekonomiese aktiwiteite te oorleef/Volhoubare ontwikkeling is om aan die behoeftes van die huidige generasie te voldoen sonder om die behoeftes van toekomstige generasies in gevaar te stel./Omgewing verwys na die fisiese omgewing en fisiese toestande wat mense se lewens beïnvloed, wat land, see en die atmosfeer insluit. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) **(Maks. 2)**

LIGGAAM
HOOFDEEL:

Biodiversiteitsverlies / Biodiversiteit ✓
- Die diversiteit van spesies in die wêreld verminder vinnig as gevolg van uitwissing is en dit is 'n onomkeerbare proses. ✓✓
- Moderne tegnieke, soos geenoorplantings, kan help om die verlies van spesies te beperk. ✓✓
- Die Verenigde Nasies se Konvensie oor Internasionale Handel in Bedreigde Spesies ('CITES') verbied handeldryf in bedreigde plant- en dierspesies. ✓✓
- Monitering en regulering van handel dryf in bedreigde spesies word in Suid-Afrika uitgevoer deur permitte en kwotas te gebruik. ✓✓

Chemiese afval ✓
- Chemiese afval is giftig en die uitwerking daarvan op 'n organisme kan dood of onvrugbaarheid wees. ✓✓
- Chemiese afval moet met sorg bestuur word om te verseker dat dit nie in die grondwater lek nie. ✓✓
- Die Stockholm Protokol verban twaalf van die dodelikste chemikalieë wat vervaardig word.✓✓
- Die Rotterdam Konvensie beskerm lande wat onvoldoende infrastruktuur het deur die invoer en uitvoer van gevaarlike chemikalieë te monitor. ✓✓

Gevaarlike afval ✓
- Gevaarlike afval is meer as chemiese afval en sluit giftige metaalafval soos lood in. ✓✓
- Gevaarlike afval het 'n stadige ontbindingskoers omdat dit vir 'n lang tyd giftig bly. ✓✓
- Gevaarlike afval kan alle vorme van lewe en die hele ekosisteem in gevaar stel. ✓✓
- Die Basel Konvensie oor die beheer van Oorgrens Beweging van Gevaarlike Afval laat handel toe tussen lande wat die konvensie onderteken het. ✓✓

Klimaatsverandering / Klimaatsveranderingbeleid ✓
- Die opbou van sekere gasse in die atmosfeer, soos koolstofdioksied, veroorsaak dat hitte in die atmosfeer vasgevang word, wat tot aardverwarming lei. ✓✓
- Die gevolge van klimaatsverandering sluit veranderinge in temperatuur en weerpatrone in, wat verwoesting aan plant- en dierbewoners kan veroorsaak. ✓✓
- Die Verenigde Nasies se Raamwerkkonvensie oor Klimaatsverandering ('UNFCCCC') stel doelwitte om kweekhuisgasse te verminder. ✓✓
- Die Kyoto Protokol is onderteken as 'n ooreenkoms waarvolgens kweekhuisgas-uitlaatvlakke vir ontwikkelde lande ooreengekom is. ✓✓

Verlies aan inheemse kennis ✓

- Die verlies aan kennis oor die natuurlike omgewing kan daartoe lei dat inheemse mense hulle manier om 'n bestaan te maak, kan verloor. ✓✓
- Mense gebruik organiese metodes en natuurlike prosesse om met die natuur om te gaan en hierdie kennis kan vir toekomstige generasies verlore gaan. ✓✓
- Plaaslike kapasiteitsbou is belangrik omdat dit mense help om meer van die omgewing te leer, buiten hulle tradisionele lewenswyse en ervaring. ✓✓
- UNESCO se bestuur van sosiale transformasie ('MOST')-program is 'n wêreldwye poging om plaaslike/inheemse kennis te dokumenteer voordat dit vir altyd verlore is. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) **(Maks. 26)**
(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
(Ken 'n maksikum van 18 punte toe vir die verduideliking van omgewingsprobleme sonder internasionale maatreëls)

ADDISIONELE DEEL

Evalueer die impak van omgewingsubsidies op besighede

Positief:

- Subsidies moedig besighede aan om afval soos bottels, blikkies en karton/papier te herwin waardeur die besoedelingsvlakke verminder word. ✓✓
- Moedig die vervaardiging van omgewingsvriendelike plaasvervangers soos herbruikbare winkelsakke en herlaaibare batterye by besighede aan. ✓✓
- Help besighede om nuwe produksietegnieke of toerusting te vervaardig, wat gebruik word om energie te bespaar en koolstof te verminder. ✓✓
- Omgewingsubsidies moedig besighede aan om in omgewingsvolhoubare produkte wat meer bekostigbaar kan wees, te belê.✓✓
- Motiveer besighede om omgewingsvriendelike bronne van energie, soos sonkrag en wind, te gebruik. ✓✓

Negatief:

- Sommige firmas kan te veel afhanklik wees van regeringshulp in plaas van selfonderhoudend te word. ✓✓
- Subsidies kan markversteurings veroorsaak omdat bedrywe sonder staatsubsidies nie kan funksioneer nie. ✓✓
- Subsidies is blootgestel aan korrupsie of misbruik indien dit nie behoorlik bestuur word nie, wat daartoe lei dat verdienstelike besighede nie toegang tot subsidies het nie. ✓✓
- Die implementering van subsidies kan die koste van sake doen verhoog as gevolg van hoër administrasiekoste. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) **(Maks. 10)**
(Ken 'n maksimum van 2 punte vir die blote opnoem van feite toe)

GEVOLGTREKKING

Die omgewing is onder druk omdat menslike eise van die omgewing meer is as wat die natuur op die langtermyn kan voorsien. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoërorde-gevolgtrekking) **(Maks. 2)** **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou